



## DIE STRANDLOPERS

Hierdie is die agtste verslag vanjaar.

### Politiek

- Die grootste politieke gebeurtenis die afgelope maand was seker die afdanking van 'n vroulike adjunkminister op Vrouedag. Indien dit was weens die bedrag wat sy ongemagtig bestee het, moet daar sekerlik heelwat meer afdankings in die pyplyn wees. Indien dit was weens haar gebrek aan samespel, dan is dit sekerlik goed dat dit nie ook in sommige sportspanne geld nie, want dan sou baie spelers die trekpas kry. Hierdie gebeurtenis sal sekerlik sorg dat die samespel in die regerende party tot die einde van die jaar wanneer die nuwe president gekies moet word, puik is.
- Intussen het die veertien staatshoofde van die Suider-Afrikaanse Ontwikkelingsgemeenskap waargeneem dat daar geen dringende probleme in Zimbabwe is wat die land se mense nie self kan oplos nie. Dus kan ons almal stilswyende verder toekyk hoe die land se ekonomie vermorsel word met inflasie wat niteenstaande gedwonge prysverlagings bokant 7000% beweeg. Toevallig dat toerisme na die omringende lande tans toeneem soos Zimbabwiërs gaan inkopies doen. Toerisme na die RSA het die afgelope tyd met 10% toegeneem.
- Die onrus in die Midde-Ooste duur voort en daar is steeds geen oplossings vir hierdie probleme in sig nie. Dis dan seker ook vir hul eie veiligheid dat Israel nie meer Soedanese vlugteling wil toelaat nie.

### Internasionaal

- Die politieke onrus in die Midde-Ooste het in belangrikheid om en by verdwyn teenoor die onstabiliteit wat in die afgelope maand in die internasionale finansiële en ander markte na vore getree het. Hierdie onstabiliteit het sy oorsprong in die sub-prima huismark in die VSA. Die verrassing was egter om te beseef dat nie net VSA instellings nie, maar finansiële maatskappye reg oor die wêreld betrokke is. Dit het dan ook min lande onaangeraak gelaat. Die verdere verrassing vir my was dat likiditeit skielik verdwyn het uit die internasionale finansiële stelsel soos instansies bekommerd geraak het oor hul eie of ander se vermoë om hul verpligtinge te kon nakom. Ek het die afgelope aantal maande dikwels die mening gelug dat die internasionale likiditeit steeds voldoende sou wees omdat ek van mening is dat Japanse rentekoerse nie voor volgende jaar sal styg nie. Skielik het hierdie likiditeit soos mis voor die son verdwyn omdat kredietverlening in die stelsel tot 'n einde gekom het. Alhoewel Japanse rentekoerse steeds nie verhoog is nie, is die lenings wat daar aangegaan is, tot 'n sekere mate terugbetaal en het die jen teenoor alle geldeenhede versterk – selfs die rand.
- Omdat likiditeit in die internasionale finansiële stelsel opgedroog het, het menige sentrale bank fondse van meer as \$300 miljard beskikbaar gestel. Dit is ook opgevolg deur die verlaging van die Federale Reserweraad se diskontokoers met 50 basispunte. Dit bring mee dat die koers waarteen banke by die Fed geld leen vir die eerste keer sedert 2001 goedkoper geword het. Mettertyd het al die stappe wat deur die sentrale banke geneem is, wel 'n mate van rustigheid in die finansiële en kommoditeitsmarkte meegebring. Die onderliggende probleem van die huislenings wat aan persone wat nie eintlik kredietwaardig is nie, toegestaan is, is egter nog nie opgelos nie. Die probleem is dat



hierdie lenings toegestaan is toe rentekoerse aansienlik laer was as nou en dat baie daarvan tans teen heelwat hoër koerse herfinansier moet word. Omdat die VSA huismark oor die afgelope jaar reeds heelwat verswak het, is die onderliggende bate nl die huis tans heelwaarskynlik minder werd as toe die lening toegestaan is.

- Die VSA ekonomie vertoon tans steeds goed, maar die risiko's het toegeneem. Die huismark ervaar reeds geruime tyd probleme omdat rentekoerse van 1% in die middel van 2004 tot die huidige 5.25% gestyg het. Huispryse het gedaal, die voorraad onverkoopte huise het toegeneem en dit neem baie langer om 'n huis te verkoop. Weens die afname in likiditeit wat die afgelope paar weke na vore getree het, het aandeelpryse ook van hul hoogtepunte gedaal. Indien hierdie neigings sou voortduur, sal dit die bestee vermoë van die Amerikaanse verbruiker benadeel en kan dit ook tot 'n algemene afname in ekonomiese aktiwiteite wêreldwyd lei. Die stabiliteit wat die afgelope week na vore getree het, is te verwelkom en kan voorkom dat die VSA ekonomie volgende jaar selfs in 'n resessie beland.
- Enige verlangsaming van die vraag in die wêreld ekonomie, kan meebring dat sentrale banke minder bekommerd sal wees oor die langer termyn inflasietendense. Tans word aanvaar dat VSA korttermynrentekoerse nie verder sal styg nie en dat die Fed funds koers op 18 September verlaag kan word. Daarteenoor is die risiko wel dat korttermynrentekoers in die VK en Euroland voor die einde van die jaar wel verhoog kan word. Die spekulasie is ook steeds dat Japan selfs voor die einde van die jaar hul rentekoerse van die huidige 0.5% kan verhoog. Enige verlaging in VSA rentekoerse kan egter die besluite van die ander sentrale banke beïnvloed om rentekoerse nie te verhoog nie.
- In China is die jongste inflasiekoers egter 5.6% en dui dit daarop dat die ekonomie wat teen meer as 10% groei die risiko loop om ernstige inflasieprobleme op die lyf te loop. Dit sal twee gevolge hê nl dat die deflasie wat die afgelope aantal jare van China na die res van die wêreld uitgevoer is, tot 'n einde sal kom en dat Chinese korttermynrentekoerse verder verhoog sal word.
- Algemene kommoditeitspryse het weens die vermindering van likiditeit gedaal soos spekulatiewe beleggings uit hierdie markte onttrek is en die vrees toegeneem het dat die vraag na kommoditeite kan afneem weens 'n verlangsaming van ekonomiese groei. Met die stabiliteit wat in die finansiële markte gekom het, het kommoditeitspryse ook verbeter.
- Die goudprys het ook onder druk gekom weens die afname in likiditeit en spekulasie in hierdie mark. Die vraag na goud bly steeds gesond weens die hoër welvaart in die Verre-Ooste. Daarteenoor is die sentrale banke van die nywerheidslande steeds besig om van hul voorraad te verkoop.
- Die olieprys het ook verswak die afgelope paar weke weens die afname in likiditeit en spekulasie. Daarteenoor is die aanduiding dat die vraag na energie steeds hoog bly en dat die produksieprobleme in menige olieprodusent steeds aanwesig is. OPUL is ook steeds nie van plan om produksie te verhoog nie. In die volgende paar weke kan orkane in die Golf van Meksiko dalk hul opwagting maak en produksie ontwrig. Daar is ook steeds bekommernis dat raffinaderye probleme kan hê om produkte wat in aanvraag is te lewer. In September kan die vraag na ru-olie verminder weens die raffinaderye wat omskakel van produksie van brandstof vir die vervoersektor na verhittingsolie. Alhoewel dit die olieprys kan laat daal, is die jongste aanduidings dat die olieprys steeds in die langer termyn rondom die \$70/vat sal skommel.



## Plaaslik

- Ekonomiese groei word tot 'n mate aan bande gelê deur die hoër rentekoerse en die inwerkingtreëding van die kredietwet. Daarteenoor word die voorgenome besteding van R500 miljard deur die openbare sektor nie geraak deur of die hoër rentekoerse of die kredietwet nie. Indiensneming en lone en salarisse behoort by hierdie besteding in die volgende vyf jaar te baat. Die invloed van stygende rentekoerse sal dus tot 'n sekere mate beperk word.
- Die tekort op die handels- en lopenderekenings van die betalingsbalans sal steeds toeneem. Hierdie neiging kan in die volgende vyf jaar voortgesit word omdat sowat 40% van die besteding wat deur die openbare sektor beoog word, op invoere bestee kan word. Hierdie tekorte word tans deur die invloed van korttermyn buitelandse kapitaal finansier, maar die bewegings van die afgelope paar weke het getoon hoe riskant hierdie invloed kan wees indien daar onstabieleit in die internasionale markte is. Die owerhede moet hierdie risiko altyd in ag neem met beleidsbepaling.
- Die sentrale regering se begroting sal 'n surplus toon vanjaar. Provinsiale administrasies se finansies bly redelik onder beheer, terwyl plaaslike owerhede se finansiële probleme voortduur. Hierdie situasie kan tot verdere onrus onder plaaslike gemeenskappe lei.
- Inflasie gemeet volgens die VPI-X indeks bly bokant die 6% mikpunt van die sentrale bank. Stygende internasionale en plaaslike voedsel- en energiepryse, lone en salarisse, geadministreerde tariewe en enige verswakking van die rand tesame met voortgesette sterk besteding sal inflasie geruime tyd op onaanvaarbare vlakke hou.
- Aanduidings is dat matriekresultate vanjaar sterk aangepas sal moet word indien die normale tendens van die afgelope aantal jare behoue moet bly. Dit sal meebring dat die resultate van kinders in die ou model C-skole nog beter sal vertoon, maar dat dit nie noodwendig beter kwaliteit resultate sal wees nie. Indiensneming behoort in die komende jare te verbeter, maar die halfvering van die werkloosheidsyfer teen 2014 sal sterk statistiese aanpassings in die berekening van die syfer noodsaak. Onderwys en opleiding bly die kernprobleem van die ekonomie in die volgende dekades.
- Korttermynrentekoerse kan voor die einde van die jaar verder opwaarts aangepas word weens die inflasiekoerse wat bokant die mikpunt bly, voortgesette sterk besteding en die tekort op die buitelandse handel. Dieselfde redes kan veroorsaak dat langtermynrentekoerse ook verder styg.
- Die rand kan verder teenoor die belangrike geldeenhede van die wêreld verswak weens die onstabieleit van die internasionale finansiële markte, die verdere toename in die tekorte van die buitelandse handel en politieke onsekerhede tot die einde van die jaar.

## Belegingsomgewing

- Die internasionale finansiële markte bly broos en kan verdere onstabieleit beleef. Dit kan meebring dat kommoditeits- en aandelemarkte verswak terwyl daar 'n verdere vlug na VSA geld- en veral kapitaalmarkte kan wees. Sentrale banke van die groot nywerheidslande het egter die afgelope tyd baie duidelik laat blyk dat hulle sal poog om hierdie onstabieleit te beperk en te voorkom dat dit tot 'n algehele ineenstorting van vertroue lei. Die sentrale banke sal weer ingryp deur die verhoging van likiditeit en kan selfs tot 'n verlaging van amptelike koerse lei.
- Plaaslik is die aanduidings egter dat die sentrale bank stabieleit sal probeer behou deur 'n streng monetêre beleid te volg en vertroue by die internasionale belegger in te boesem dat inflasie onder



beheer gebring sal word. Plaaslike rentekoerse behoort dus in die res van die jaar stabiel tot hoër te neig. Tans verwag ek ook dat dit die neiging in die grootste gedeelte van 2008 sal wees.

- In periodes van onstabiliteit kan die dollar teenoor ander geldeenhede verstewig omdat internasionale beleggers en spekulante die veiligheid van VSA geld- en kapitaalmarkte soek. Tydens sulke periodes moet verwag word dat die rand sal verswak. Die onderliggende tendense in die plaaslike ekonomie dui egter steeds daarop dat die rand in die langer termyn teenoor die belangrike geldeenhede van die wêreld behoort te verswak.
- Die afgelope paar weke se onstabiliteit het dit onderstreep dat beleggings met baie oordeel gedoen moet word. Hierdie onstabiliteit kan nog geruime tyd voortduur, maar die verswakking van aandeelbeurse skep terseldertyd weer beleggingsgeleenthede. In die plaaslike omgewing moet randverskansers ook steeds in gedagte gehou word.

**Ulrich Joubert**  
**29 Augustus 2007**